Publication: Veeplaas

Date: Wednesday, May 01, 2024

Page: 99



# Is gelyk altyd gelyk?

*Deur Rynoe Smith, PSG Wealth*

Wanneer 'n boer te sterwe kom en die plaas word aan die seun bemaak en die kontant en/of ander bates aan die dogters, is daar na my mening maar min konsensus oor wat presies gelykheid en geregtigheid is. Beteken dit as die seun die plaas en boerdery erf, dat die dogters presies dieselfde waarde in kontant of andersins moet ontvang? Is die kontantwaarde dieselfde as dié van 'n boerdery met sy gepaardgaande risiko's?

Gelukkig maak die Suid-Afrikaanse reg voorsiening vir 'n reël wat veronderstel dat dit die ouer se bedoeling was dat sy/haar kinders (afstammelinge) eweredig moes erf. Hierdie regsbeginsel word *collatio* (inbringing) genoem. Dit verplig alle afstammelinge van die oorledene, hetsy hulle testamentêr of intestaat sou erf, om sekere goed wat hulle gedurende die erflater se leeftyd van laasgenoemde ontvang het, in die boedel in te bring voordat hulle kan erf.

Alhoewel hierdie beginsel baie min toegepas word omdat dit so kompleks is, is dit steeds 'n oplossing vir 'n erfgenaam wat voel dat hy/sy onregverdig behandel is. Hierdie verpligting rus net op 'n erfgenaam van die restant (oorblywende gedeelte) en nie op 'n legataris (persoon wat as erfgenaam in die testament benoem is) nie. Weiering om in te bring kan 'n erfgenaam diskwalifiseer om te erf.

## Toepassing van die reël

Wat volgens hierdie regsreël ingebring moet word, is bates wat as deel van 'n kind se erfenis of goedere aan hom/haar gegee is om hom/haar in die handel of sakewêreld te vestig of vir 'n beroep opgelei te word (naskoolse studiekoste en dies meer). Geld wat aan 'n erfgenaam geleen of voorgeskiet is, moet ook ingebring word. Volgens die reël kan 'n huweliksgeskenk (bruidskat) ook ingebring word. Geld en goedere wat vir 'n kind se alledaagse onderhoud en opvoeding aangewend word, asook as vergoeding vir dienste gelewer, word spesifiek uitgesluit. Eenvoudige skenkings in verhouding tot die erflater se vermoëns, word ook uitgesluit.

Die reël is van toepassing op wettige kinders en wettig aangenome kinders. Dit sal slegs op kleinkinders van toepassing wees indien hul ouers reeds oorlede is. Dit is interessant dat 'n kleinkind wat in sy/haar ouer se plek erf (*per stripes*), dit wat die vooroorlede ouer ontvang het ook moet inbring (*Estate van Noorden vs Estate van Noorden 1916 A.D. 175*).

Die beginsel is dus dat enigiets wat aan 'n afstammeling gegee is wat hom/haar bo 'n ander afstammeling bevoordeel het, vir inbringing sal kwalifiseer. Hierdie reël is ook net van toepassing op erfgename wat hul erfenis geadieer het (aanvaar het sonder aanspreeklikheid ten opsigte van laste), en nie op 'n erfgenaam wat sy/haar erfenis weier nie.

Enige bedrag wat sodanig ingebring word, vorm nie deel van die boedel se bates nie – dit word slegs in die distribusierekening ingebring en verhoog dus nie die waarde van die boedel nie. Dit word dan gelykop tussen die erfgename verdeel. Slegs die waarde van die bate, soos op die datum van oordrag, word ingebring. Dit beteken indien 'n plaas aan die seun gegee is, slegs die waarde op die tydstip toe die plaas aan die seun gegee is, ingebring sal kan word.

## Regte en konflik

Dit is belangrik om daarop te let dat dit die erflater se keuse is om inbringing te laat geld of nie. As die erflater nie wil hê enige bates wat gedurende sy/haar leeftyd aan die kinders (afstammelinge) gegee is moet ingebring word nie, moet dit uitdruklik in die testament genoem word, anders sal inbringing outomaties van toepassing wees.

Hierdie reël kan heelwat konflik tussen erfgename veroorsaak en in 'n administratiewe nagmerrie ontaard. Daarom sluit die meeste testamente vandag inbringing pertinent uit. Aangesien dit so 'n onbekende regsreël is, is daar ook 'n debat oor of die eksekuteur van 'n boedel waar inbringing nie uitgesluit is nie, 'n verantwoordelikheid het om dit aan erfgename te verduidelik.

Dit is wys om altyd eers met 'n kenner te gesels oor die opstel van jou testament, veral iemand wat 'n lid van die Fidusiêre Instituut van Suider-Afrika (FISA) en 'n geakkrediteerde fidusiêre praktisyn van Suid-Afrika (FPSA®) is. VP

Die inligting in hierdie artikel is nie finansiële, belasting-, regs- of beleggingsadvies nie en die maatskappye in die PSG Financial Services Groep waarborg nie die geskiktheid of potensiële waarde daarvan nie. Aangesien individuele behoeftes en risikoprofiele verskil, stel ons voor dat jy jou gekwalifiseerde finansiële adviseur raadpleeg indien nodig. PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (FDV 728).

Vir meer inligting, kontak Rynoe Smith van PSG Wealth Preller Walk in Bloemfontein by rynoe.smith@psg.co.za of 082 453 3320. (FPSA-geakkrediteerde lid van FISA.)

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.